

Sing vooraf: Psalm 116:7 10

7

*Wat kan 'k die HEER vir al sy guns vergeld?
Wat kan 'k Hom bring uit dank vir sy genade?
Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade
en by die kelk van heil sy Naam vermeld.*

8

*Al my geloftes, uitgespreek in nood,
sal ek betaal as ek voor U maag nader
en met u gunsvolk in u huis vergader.
Hoe kost'lik, HEER, is in u oog hul dood!*

9

*Ag, HEER, ek is, o ja, ek is u kneg,
seun van u diensmaagd, in u diens gebore:
my bande is los; vir hoër diens verkore,
bring ek die offers, aan U toegeseg.*

10

*Ek sal u Naam met dankerkent'nis prys
te midde van die feestelike skare.
Jerusalem, ek hoor om jou altare
die lofgeluid wat tot Gods eer verrys.*

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 119 : 1

1

*Salig wie in hul opregtheid
wandel in die Heer se wet,
wie Hom soek van ganser harte
en op sy getuig'nis let.
Salig die wat in hul wandel
nie op onregspaaie gaan,
maar wil wandel op die weë
in Gods wet vir hul gebaan.*

Gebed.

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**

Vergifnis:

- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 32:1

1

*Welsalig wie van skuld en straf onthewe,
die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid,
het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyf.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde
toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry,
voor God ootmoedig al die skuld bely.*

Skriflesing: 1 Petrus 2:1 10

Teks: 1 Petrus 2: 21; Kategismus Sondag 47

Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg; (1Pet 2:21 AFR1953)

Dit word skerp gestel dat ons soos 'n koninklike priesterdom moet wees.

- Waarom moet ons dan priesters wees? Is die priester se werk dan nie in ons moderne tyd al uitgedien nie?
- Besef u dat die priesters die mense was wat die gebedswerk gedoen het? En as u die Onse Vader bid, dan is jy 'n christenpriester.

Jy is altyd in jou gebede 'n priester wat toegang het tot God se troon.

- Daarom roep jy altyd in jou gebede die Naam van God uit: Onse Vader wat in die hemele is, laat U Naam geheilig word!

So was dit van die begin van die geskiedenis af.

- Set was die eerste priester, want die Bybel vertel van hom dat hy begin het om die Naam van die Here aan te roep. Dit het hy gedoen deur te offer en te bid.
- Abraham was ook so 'n priester wat voortdurend geoffer en gebed het. Elke plek waar hy gekom het, het hy heel eerste 'n altaar vir die Here gebou en dan geoffer.

By Sinai word een stam uitgesonder om die priesterswerk vir die Here in sy volk te doen.

- Dis die simbool daarvan dat die uiteindelijke volk wat eendag die hemel sal bewoon, almal priesters sal wees wat, sonder bemiddeling, met God sal kommunikeer deur die gebed.

Dan kom die Here Jesus Christus. Die Hoëpriester van God self.

- Hy word aan die kruis geoffer, sodat ons almal die toegang tot God kan hê in ons persoonlike priesterswerk.
- In ons gebede ... Deur Christus het die plig tot gebed 'n voorreg geword.
- Deur Hom het ons verander van verwerptes tot kinders van God - kinders wat God as "ons Vader" mag aanspreek.

As ons bid dat God se Naam geheilig moet word, bid ons sekerlik in die eerste plek dat die Here ons moet onderrig.

- Die Kategismus se woorde is: "Gee dat ons U eerstelik reg mag ken".
- Hoe ken ons die Here?
 - Ons kan die Here net ken as Hy Homself aan ons openbaar.
 - As Hy ons oë oopmaak, sodat ons hom in sy almag en wysheid kan sien.

Daar staan in Romeine geskrywe dat die Here van die begin af voldoende in sy werke in die natuur geken kan word.

- So veel, dat niemand eendag sonder verskoning sal wees dat hy God nie geken het nie.
- Die betrokke woorde staan dan ook in Romeine geskrywe ten opsigte van die heidene wat nog nooit God se woord amptelik verkondig gehoor het nie - selfs hulle het geen verskoning nie, sê die Here.

Maar ons weet die dinge, en tog sien ons nie altyd dinge in die regte perspektief nie. Daarom die gebed dat die Here my oë moet oopmaak, sodat ek die Here in sy werke kan leer ken.

Nou kan ons vra: Wat van die Here gaan ek in die natuur en in al die ander werke van God leer ken?

- Sekerlik heel eerste die almag van God.
- Ons wat glo, weet dat God openbaar dat Hy elke keer 'n woord gesprek en die lewe was daar.

- Op 'n bevel van die Here was die plante en die diere daar. Daarin word die almag van God geopenbaar.
- Almag beteken om meer as magtig te wees. Ons het navorsing van eeue nodig om maar net te verstaan wat God alles tot aansyn beveel het. En dan ken ons maar net ten dele. Hoe sal ons dan kan doen wat God doen?

In die seisoene wat kom en gaan, sien ons die almag van God.

- In die hele wyse waarop alles onderhou word, sien ons die krag van die Here.
- Ons gebed is dat ons hierdie dinge moet raaksien en ken! Dan word die Naam van God ook onder ons geheilig!

Dis egter nie net genoeg om God se almag te ken nie. Ons moet ook die wysheid, goedheid, geregtigheid en barmhartigheid van God ken.

- Om hierdie dinge uit God se werke te kan ken, is daar geloof nodig, en insig.
- Dis dinge wat deur God die Heilige Gees in ons harte gewerk word. Daarom moet ons bid dat dit binne ons bereik gestel word om dit te sien en te verstaan.

Ongelowiges lewe ook soos ons.

- Die genade van die Here laat oor hulle ook reën soos oor ons.
- Maar hulle het nie die vermoë om die Here se seën oor hulle te begryp nie.
- Hulle ken ook nie die genade van die Here nie.
- Daarom gaan hulle gestraf word omdat dit moontlik was om God te ken, maar hulle Hom nogtans nie geken het in sy werke nie!

Dit onderstreep die eerste vereiste waarom ons moet bid dat God sy Naam onder ons moet heilig!

- Dit sal nie vir ons moontlik wees om God heilig te roem en te prys as ons nie eers bid om Hom te ken nie!
- Dis asof ons met die woorde dat die Here se Naam onder ons geheilig moet word, bid dat ons as't ware by die Here moet skoolgaan.
 - Hy die Leermeester en ons dië wat onderrig word.
 - Ons is ook nie die eerste mense wat die woorde bid nie. Dawid het dit al gebid in Psalm 25:8:

Die HERE is goed en reg; daarom sal Hy sondaars leer aangaande die weg. (Psa 25:8 AFR1953)

Of in Psalm 25:4 waar hy bid dat die Here aan hom sy weë bekend moet maak, en hom die paaie van God moet leer! Dis heeltemal ander woorde, maar die inhoud is dieselfde: Laat U Naam geheilig word.

Nou kan u miskien dink dat dit onmoontlik is dat die Here se Naam onder ons geheilig kan word.

- U kan dalk dink dat ons God nie uit die natuur en sy werke kan ken nie, al skryf Paulus dat dit moontlik is.
- Dan gaan lees ons Psalm 19. Daar onderrig die Here ons:
Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande. (19:3) Die een dag stort vir die ander 'n boodskap uit, en die een nag kondig vir die ander kennis aan: (19:4) daar is geen spraak en daar is geen woorde nie—onhoorbaar is hulle stem. (Psa 19:1-3 AFR1953)

So moet ons ook met ons kennis van God sy lof en sy eer verkondig! Saam met die dae en die nagte en die hemel.

Terwyl ons bid vir kennis van God, bid ons natuurlik ook vir die inwoning van die Heilige Gees.

- Ons kan God nie ken nie, behalwe as die Heilige Gees ons tot wedergeboorte lei.
- Ons kan die heerlijkheid van God ook nie verstaan nie, tensy die Heilige Gees die eerste begeertes van heiligheid en heerlijkheid in ons harte lê nie!

Die Gees van die Here leer ons om die Bybel te verstaan.

- Hy leer ons dus ook om God in die besondere openbaring van sy Woord te ken en lief te hê.
- Dis die Heilige Gees wat ons aan die Evangelie van Jesus Christus laat glo en vashou.
- Dit is ook Hy wat ons leer om God te vrees! Al hierdie dinge word saamgevat in die een woord: die **Naam** van God!

Laat U Naam geheilig word, is om al hierdie dinge aan jou openbaar te hê, en te verstaan.

- Die Naam van God is Hyself, in sy volle Godheid!
- As ons eers al die kennis het en verstaan – en belewe, dan kry ons geloof ook 'n nuwe betekenis en kan ons ons bekeer en nuut lewe waar dit nodig is.
- Dan leef ons weg van die sonde af!

Maar, 'n gebed om kennis te kan hê en kry, is nie genoeg nie.

- 'n Mens kan die kennis van die wêreld hê - maar as jy nie die krag het om jou oortuigings uit te leef nie, dan beteken alles niks!
- Dink maar aan die satan.
 - Hy weet van God alles.
 - Hy ken selfs die Bybel.
 - Tog het hy met sy kennis en al sy saamwees met God verloor.

Daarom bid ons in die tweede plek vir die Krag van God.

- As sy Naam onder ons geheilig word, dan word sy goddelike krag ook daardeur aan ons bevestig!
- Ons lees van hierdie saak in die eerste verse van Jesaja 65.
 - Die Here laat Hom vind deur die mense.
 - Selfs deur die wat na Hom nie gevra het nie.
 - Dan kry hulle 'n nuwe gees in hulle harte.

Ons lees ook daarvan in Esegïël 36:27:

En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. (Ese 36:26 AFR1953)

En dan vers 27:

En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen. (Ese 36:27 AFR1953)

Die Here sal maak dat ons in sy insettinge wandel. Dit klink soos musiek in ons ore.

- Want dit beteken dat die Here nie net sy Naam onder ons heilig nie.
- Ons leer nie net al die groot dinge van God ken nie!
- Nee, God kom woon self in ons harte, en Hy sorg dat ons die krag kry om die regte lewe te lei - 'n lewe wat pas by die grootheid en almag van God!

Nou kyk ons na die gebed in die praktyk. Afgesien van die natuur waarin die heerlijkheid en almag van God geopenbaar word, is dit nog meer in die Here Jesus Christus geopenbaar.

- Die Here Jesus Christus het gesterf aan 'n houtkruis soos 'n misdadiger.
- Hy het nie gesterf vir sy misdade nie. Nee, hy het gesterf vir ons misdade teen God.
- Dit is die grootste genade van God denkbaar.

Maar daarby het dit nie opgehou nie.

- Die Here Jesus is begrawe, maar het verheerlik opgestaan uit die graf.
- In sy volle goddelike heerlijkheid is Hy nou in die hemel om vir jou en my plek gereed te maak.
- Hy gaan ons almal daar ontvang soos wat ons geroep word - totdat ons die laaste dag almal daar is!

Maar nog meer.

- Hierdeur het ons die Heilige Gees ontvang.
- Die Heilige Gees werk die krag van God om te volhard in die leer van verlossing deur die Here Jesus Christus.
- Hy werk die wysheid van God self in ons om ons te help in ons onderskeidingsvermoë.
- Hy beheer ons wil, sodat ons wil om die regte dinge te doen.
- Hy bewerk die deursettingsvermoë om onder geen omstandighede ons regte beginsels prys te gee nie!

Laat ons dan dié nuwe jaar begin met hierdie gebed: Laat U Naam geheilig word.

- Laat dit weer 'n jaar wees waarin U genade kennelik by ons is.
- 'n Jaar waarin ons ondubbelsinnig duidelik U heerlijkheid kan sien.
- Maar ook 'n jaar waarin ons die krag ontvang om sonder huiwering te leef tot Gods eer.

Dan is die gebed terselfdertyd ook 'n gebed vir versigtigheid. Ligaamlik en geestelik.

Kom ons kyk wat ons belydenis hiervan te sê het in die Heidelbergse Kategismus Sondag 47:

Vraag 122: Wat is die eerste bede?

Antwoord: *Laat u Naam geheilig word. Dit is: Gee allereers dat ons U reg ken (a) en dat ons U heilig, roem en prys in al u werke waarin u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid so skitter (b). Gee verder dat ons ons hele lewe, gedagtes, woorde en werke daarop sal rig dat u Naam nie om ons ontwil gelaster nie, maar geëer en geprys word (c).*

(a) Joh 17:3; Jer 9:24; 31:33, 34; Matt 16:17; Jak 1:5; Ps 119:105. (b) Ps 119:137; Luk 1:46, 47, 68, 69; Rom 11:33. (c) Ps 71:8; 115:1.

Amen.

Slotgebed.

Ons Vader wat in die hemele is, laat U Naam geheilig word. Laat U koninkryk kom, laat U wil geskied soos in die hemel so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood en vergewe ons ons skulde soos wat ons ook ons skuldenaars vergewe. Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlijkheid tot in ewigheid.

Amen.

Slotpsalm 84:2, 3.

2

*Die mossie vind 'n huis, o HEER,
die swaeltjies lê in nessies neer;
en ek vind rus by u altare,
waar U vir my 'n woning maak
en U, my Koning, my bewaak.
Gedugte HEER der leërskaer,*

*welsalig wie in u paleis
U altyd deur mag loof en prys!
3
Welsalig is die mensekind
wat al sy sterkte in U mag vind,
en op mag gaan na Sions hoogte.
Wanneer hul haas van dors verkwyn,
dan is die HEER self hul fontein
waar dorland smag van somerdroogte.
Ook sal 'n reën hul daar oordek
wat hul tot nuwe lewe wek.*

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr. M.J. du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 27 Desember 2009